



Uit die voorsitter se stoel

DIE 2015/16-SEISOEN het gemengde resultate vir ons kwekers opgelewer. Soos berig het die Onderberg-gebied minder goeie oeste gehad as gevolg van uitermate hoë temperature en min reën. Sonbrand het gehalteprobleme veroorsaak wat tot minder uitvoervrugte gelei het. In party gebiede het bome laat gebot.

Uit die Nelspruit-gebied berig Bobby Price dat oeste ongeveer 25% hoër was as in die vorige jaar en dat vrugte ongeveer twee weke vroeër gereed was. Sonbrandskade het wel voorgekom, maar in 'n mindere mate as in die Onderberg. Sommige kwekers het haelskade opgedoen. Vruggrootte was kleiner as gewoonlik. Goeie pryse van R50 tot R60 per kilogram vir die groter klasse is egter op die uitvoermarkte behaal.

Uit die Tzaneen-gebied berig Don Westcott dat later kultivars goeie oeste gelever het. Vars vrugte wat uitgevlieg is het goeie prys gerealiseer maar verskepte vrugte moes met Madagaskar se oes meeding, wat pryse laat daal het. Groot Mauritius-vrugte het egter steeds goeie pryse behaal.

In totaal is ongeveer 1,47 miljoen kissies van 2 kg uitgevoer teenoor verlede seisoen se 1,06 miljoen kissies. Dit is egter baie minder as die 2 miljoen kissies van die 2007/08-seisoen.

Uit KZN berig Ed Grantham dat hulle wisselende oeste gehad het maar dat dit in geheel goed was.

Ed is besig met 'n projek waarin 'n aantal kleinboere gehelp word om suikerriet na lietsjies om te skakel. Hy het die

departement van landbou, bosbou en visserye en plaaslike rade by die projek betrek. Ons sien uit na die resultate omdat ons ook graag ontwikkelende lietsjieboere deel van SALGA wil maak. Ed voorsien dat die moontlike oeste alles direkte verkope gaan wees.

Moshe Goren van Israel het ons 'n paar weke gelede besoek. Dit is een van die buitelandse kontakte wat Sakkie Froneman oor die jare opgebou het. Hy het 'n baie interessante praatjie gelever oor lietsjieverbouing in Israel. Mnr Goren het vyf kultivars vir ons geïdentifiseer wat ons moontlik vir navorsing in Suid-Afrika sal invoer. Die meeste bome in Israel is egter steeds 'Mauritius', maar hulle begin na ander kultivars oorskakel om by veranderende marktdense aan te pas.

Die spreekwoord van die kat wat weer kom blyk waar te wees. Dr Org van Rensburg se kontrak by die LNR is met 'n jaar verleng om die oorgang gladder te laat geskied en omdat 'n geskikte kandidaat nog nie vir sy pos gekry kon word nie. Welkom terug, Dok Org, ons sien daarna uit om die uitdagings verder saam met jou aan te pak. Vir Sakkie Froneman is daar egter nog nie 'n plaasvervanger nie en ons hoop dat sy pos spoedig gevul sal word sodat sy navorsing kan voortgaan. Ons verwelkom ook vir André Botha wat by SUBTROP aangestel is om ook die lietsjiekwekers by te staan.

In uitgawe 11 van die *Subtrop Joernaal* is 'n naamlys van persone geplaas wat versuim het om hulle registrasiedokumente in te stuur sodat heffings per hektaar vir hulle ledegeld hef kon word.

Die persone is bestempel as "rugryers, drosters en dom" omdat hulle nie die Vereniging se voordele wil benut nie. Daarvolgens is die genoemdes se name uit SALGA se ledelys verwyder.

Kathryn Glendinning van Glendinning Hope Farm was ook by die lys ingesluit. Hoewel hulle die produksieheffing per karton betaal het, het 'n sameloop van administratiewe omstandighede tot gevolg gehad dat hulle nie die dokumentasie oor hektare-heffing aan die kantoor gestuur het nie.

SALGA vra graag vir Kathryn Glendinning om verskoning vir die misverstand wat daartoe gelei het dat sy in die kraal van rugryers/drosters/dommes beland het.

Hoewel goeie buie reën in ons streke geval het, is dit oor groot dele van ons land nog baie droog en wag ons steeds vir 'n laat somerreën en hoop ons vir goeie winterreën.

Dankie aan Derek, Johan, Christa en Regina vir hulle die harde werk om sake vlot te laat verloop. Ons hou goeie moed vir die seisoen wat voorlê.

Frik Joubert